

# Myn bied beloning aan ná kabeldiefstal

## Malherbe Nienaber

'n Mynmaatskappy wat beoog om fosfaat aan die Weskus te myn, bied 'n beloning aan vir inligting wat kan lei tot die vastrek van dié wat kables gesny en gesteel het.

Diewe het verlede maand by die Elandsfontein-fosfaatmyn tussen Langebaan en Hopefield toegeslaan en verskeie stukke kabel op die perseel beskadig.

'n Saak van kwaadwillige saakbeskadiging is verlede week by die polisiekantoor in Hopefield aangemeld en 'n kontantbeloning van R25 000 is aangebied vir inligting oor die dié wat die misdad beplan het.

Die myn word deur die maatskappy Kropz gebou en wag op



Die fosfaatmyn wat aan die Weskus opgerig word Foto: WESLANDER

goedkeuring vir 'n geïntegreerde watergebruiklisensie en lisensie om uitlaatgasse vry te stel voordat produksie kan begin.

Die skade is verlede Woensdag op die perseel ontdek waar

kables wat aan boorgate gekoppel is, gesteel en ander kables elders afgesny is. Dit is nie bekend wanneer die misdad plaasgevind het nie.

Elandsfontein het aanvanklik die diefstal en skade as "sa-

botasie" beskryf en by navraag aangedui die skade het bouwerk tydelik vertraag. Nuwe kables is egter geïnstalleer en bouwerk gaan nou voort.

Sers. Noloyiso Rwexana, 'n polisiewoordvoerder, het gister bevestig die saak word ondersoek en dat niemand nog in hegtenis geneem is nie.

Elandsfontein bevat die grootste sedimentêre afsetting van fosfaat in die land wat in die landbousektor vir kunsmis gebruik word.

Die myn is geleë op 500 ha van die plaas Elandsfontein, wat 5 000 ha groot is en aan die Weskus Nasionale Park grens. Dit is ook bekend as 'n gebied waar fossiele van die Saldanhaman (*Homo heidelbergensis*) gevind is en dit is in ooreenkoms

met Erfenis Wes-Kaap tot provinsiale bewaringsgebied verklaar.

In Junie 2016 is berig dat die Weskus-omgewingsbewaringsvereniging (Woba) hom tot die hooggeregshof in Kaapstad gewend het om die besluit om mynregte aan Elandsfontein toe te staan, te hersien en tersyde te stel.

Woba voer aan die gebied waar gemyn gaan word, is uiters sensitief en van groot ekologiese belang.

Vrese oor die uitwerking van die mynbredryghede op waterbronne is vroeër deur die mynmaatskappy verwerp.

■ Inligting oor die diefstal by die bouperseel op Elandsfontein kan by 076 0255 388 aangemeld word.